Taste proe sukses danksy blink goed en pizzas

Beeld 12/5/2010

Letitia Watson, Kaapstad

Die resessie het verbruikers se lus vir goud gedemp, maar genoeg silwerverkope het Taste Holdings se NWJ-juweliersaak in die tweede helfte van die boekjaar tot einde Februarie wesenlik ondersteun, terwyl billiker pizzas Scooters Pizza se verkope verhoog het.

Taste Holdings, die franchisegroep wat oorspronklik op die voedselmark gefokus het deur Maxi's en Scooters Pizza, reken blink goed gaan in die toekoms sy verdienste 'n aansienlike hupstoot gee.

Die groep se NWJ-juweliersverkryging is volgens eenhede die vierde grootste in die land met 79 winkels. Taste het ook nou 'n aanvoorprojek met Makro aangegaan om sy Davidowns-juweliersware daar te verkoop.

Die Davidowns-reeks bestaan onder meer uit 9 karaat- tot 18 karaat-goudware, platinumjuweliersware en duursame oorbelle en hangertjies. Die goud en diamante is gesertifiseer en volgens mnr. Carlo Gonzaga, uitvoerende hoof, van hoogstaande gehalte. Hy reken dat Makro, al is dit 'n groothandelwinkel, 'n goeie platform is om die reeks uit te brei en dat daar genoeg Makro-klante is wat in die duursame juwele sal belang stel.

"Sover is die verkope baie belowend," sê hy. Voorts is vloerruimte binne Makro heelwat billiker as in 'n winkelsentrum. 'n Persentasie van verkope sal aan Makro afgestaan word. Indien dit suksesvol is, sal dit op groot skaal uitgebrei word.

In die tweede helfte van die boekjaar het NWJ sowel as Scooters sterker verkope behaal. Om pizzaverkope 'n hupstoot te gee het Scooters sy prysse verlaag en afleweringskoste gekanselleer. Dit is volgens Gonzaga gedoen deur koste in die verskaffingsketting te verlaag en die spyskaart op basiese pizzaprodukte te herfokus.

In die nuwe boekjaar gaan daaron gefokus word om meer

Mnr. Carlo Gonzaga, uitvoerende hoof van Taste Holdings, gister by die bekendmaking van die groep se resultate in Johannesburg.

TASTE HOLDINGS

Kernsyfers

- Omset: R199,6 miljoen (+46%)
- Bedryfswins: R26,9 miljoen (+5%)
- Wesensverdienste: R15,8 miljoen (+2%)
- Wesensverdienste per aandeel: 9,3c (-9%)

koms het aanvanklik met Caltex begin, maar Shell bygevoeg en volgens Gonzaga gaan 'n ooreenkoms met 'n ander petroleummaatskappy binnekort aangekondig word.

Die boekjaar tot einde Februarie was egter volgens Gonzaga die moeilikste die afgelope de-

R199,6 miljoen gestyg, ondersteun deur die insluiting van NWJ se volle jaarsyfers teenoor net sewe maande die vorige boekjaar.

Die groep se wesensverdienste het tot R15,8 miljoen (R15,4 miljoen) gestyg. Die wesensverdienste per aandeel het egter effe gesak tot 9,5c (10,2c) weens 'n laer aantal uitgereikte aandele in die vergelykende tydperk.

Gonzaga sê dit lyk of verbruikers nou weer makliker bestee, maar hulle is steeds baie op waarde gefokus. Die groep se voedselsake sal in die nuwe boekjaar nog uitbrei, terwyl die juweliersafdelings op aggresiewe bemarking gaan fokus.